

# 20

## SONDAGVIERING

### So vier ek my verlossing

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet die Here ruim vir mense tyd in om te rus en om Hom te aanbid.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet –

- weet dat Sondag die ou Joodse sabbatdag vervang het.
- maniere opnoem hoe 'n Sondag deurgebring behoort te word.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- bly wees en daarna uitsien om die Here te aanbid.
- dankbaar wees dat God 'n rusdag ingestel het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet Sondae deurbring soos wat die Here dit wil hê.

#### **MEER INLIGTING (Eksodus 20: 8-11; Markus 2: 23 – 3: 6)**

Wat was God se bedoeling met die sabbatdag? In die Ou Testament lees ons dat God wou hê dat sy volk elke week een dag opsy moes sit om te rus en om Hom te dien. Die vierdie gebod (Eksodus 20: 8-11 en Deuteronomium 5: 12-15) herinner ons dat die Here self gerus het nadat Hy ses dae gewerk het. Daarom het Hy die sewende dag geheilig, of anders gestel, afgesonder, sodat sy volk ook kon rus en in herinnering kon roep dat Hy hulle gered het. Die sabbatdag was dus 'n dag waarop daar aan God gedink moes word en gerus moes word. Daarom kan ons sê dit was die wil van God dat die volk elke week een dag moes afsonder om te rus na 'n week se harde werk. Hy wou ook hê dat hulle tyd moes maak om deeglik in herinnering te roep dat Hy hulle verlos het van die doodse slawewerk in Egipte.

Die Joodse godsdiensteleiers het met hierdie dag nie net aan hierdie twee sake gedink wat God in gedagte gehad het nie, maar dit met soveel reëls en voorskrifte gelaai dat dit vir mense eerder 'n las as 'n dag van rus geword het. In die Nuwe Testament (Markus 2: 23 – 3: 6) het Jesus dit duidelik gestel dat dit nie God se wil is dat die sabbatdag vir die mens 'n las moes wees nie. Dit moes 'n dag wees wat gebruik word om te rus en om God te dien en medemense te help wanneer sy verlossingsdade in gedagte geroep word. Daarom het Jesus op die sabbatdag tempel toe gegaan, mense gesond gemaak en saam met sy dissipels gaan ontspan. Jesus maak die dag los van al die streng reëls en voorskrifte wat die leiers daaraan gegee het.

Hoekom aanbid ons op Sondag? Dit is duidelik dat die volgelinge van Jesus vroeg reeds begin het om op die eerste dag van die week, die dag waarop Jesus uit die dood opgewek is, dit is Sondag, bymekaar te kom om te aanbid. Hulle het op hierdie dag die opstanding van Jesus, die groot verlossing deur God van dood en sonde, in herinnering geroep. Die vroeë kerk het in die tyd van die Nuwe Testament voortgegaan met die gebruik om op die eerste dag van die week vir eredienste bymekaar te kom. Hulle het Jesus se opstanding uit die dood, hul verlossing van die sonde, gevier.

Sondag is nie 'n dag van niks doen nie. Ons moet God se verlossingsdaad in herinnering roep wanneer ons eredienste en kategetiese bywoon, wanneer ons ander mense help deur dankoffers te gee, en wanneer ons rus en op watter manier ook al ontspan. Dit is vir God belangrik dat ons moet rus. Ons moet dankbaar wees daarvoor. Dit is ook vir God belangrik dat ons saam met ander gelowiges eredienste toe kom om die goeie boodskap van verlossing te hoor, Hom te aanbid en ons dankbaarheid te wys.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- 'n A4-papier vir elke gesin.
- Vir elke gesin twee kopieë van die tabel aan die einde van hierdie les.

## **KOM ONS BEGIN**

Open deur Gesang 157: 1 en 2 as gebed te lees of te sing.

*Here Jesus, ons is saam  
op u roepstem hier vergader;  
saam verenig in u Naam  
kan ons tot die Vader nader.  
Hoor die dank- en smeekgebede,  
Heer, van u gemeentelede.*

*Maak ons harte deur u Gees  
vir die heil'ge Woord ontvanklik,  
Laat ons daagliks onbevrees  
op u heil bou, diep afhanklik.  
Heer, laat ons geloofsvertroue  
eenmaal oorgaan in aanskoue.  
Amen.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit of almal die boekmerke aan iemand gaan uitdeel het.
- Laat enkele kinders vertel aan wie hulle dit gegee het en wat gebeur het.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
  - Waarheen het God vir Jona gestuur? (*God stuur Jona na Nineve.*)
  - Hoekom het God hom daarheen gestuur? (*God wou hê die mense moes ophou met die slegte dinge.*)
  - Wat het Jona gedoen toe die Here hom stuur? (*Jona wou nie gaan nie en kruip in 'n skip vir God weg.*)
  - Wat het met die skip gebeur? (*'n Hewige storm tref die skip.*)
  - Wat het met Jona op die skip gebeur? (*Die bemanning het Jona oorboord gegooi toe hulle agterkom dat die storm sy skuld is.*)
  - Hoe het dit gebeur dat Jona nie verdrink het nie? (*'n Vis sluk Jona in en spoeg hom naby Nineve op die grond uit.*)
  - Watter les leer ons uit dit wat met Jona gebeur het? (*Ons moet gehoorsaam aan God wees, want ons kan nie vir Hom wegkruip nie.*)
  - Wat leer ons uit hierdie gebeure waar die Here vir Jona na vreemde en slegte mense toe stuur? (*Die Here sien om na alle mense, selfs dié wat Hom nie ken nie.*)
- Laat enkele kinders die teksvers wat hulle moes leer, Jona 4: 2c, opsê. (*Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde.*)

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Vra die volgende vrae:

- Wat is vandag – Vrydag, Saterdag, Maandag, of Sondag? (*Sondag.*)
- Die hoeveelste dag van die week is dit? Sewende? Sesde? Eerste? Vyfde? (*Eerste.*)
- Hoekom werk ons nie vandag nie en hoekom kom ons dan op die eerste dag kerk toe? Die Here het dan gesê *op die sewende dag moet julle rus. (Saterdag is die sewende dag – die sabbatdag van die Jode – maar ons aanbid op Sondag in plaas van Saterdag omdat Jesus op die eerste dag van die week uit die dood opgewek is en Sondag, die eerste dag, van toe af afgesonder is om ons verlossing te vier.)*

### IETS INTERESSANT

Luister na almal se antwoorde en gebruik dan MEER INLIGTING hierbo. Vertel dat ons wat in Jesus Christus glo op die eerste dag van die week, Sondag, die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het, bymekaar kom om aan God se verlossing te dink en om te rus.

### IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Die vierde gebod herinner ons dat die Here self gerus het nadat Hy ses dae lank gewerk het.
- Daarom het Hy die sewende dag afgesonder sodat sy volk –
  - ook kon rus.
  - kon onthou dat Hy hulle gered het.
- Die Jode het hierdie dag met soveel reëls gelaai dat dit vir mense 'n las geword het.

- Jesus het geleer dat die sabbatdag nie vir die mens 'n las moes wees nie.
- Dit moes 'n dag wees wat gebruik word om –
  - te rus.
  - God te dien en die verlossing wat Hy gee, te vier.
  - medemense te help.
- Daarom het Jesus op die sabbatdag –
  - tempel toe gegaan.
  - mense gesond gemaak.
  - saam met sy dissipels gaan ontspan.
- Saterdag is die sewende dag – die sabbatdag van die Jode.
- Ons aanbid op Sondag in plaas van Saterdag, want –
  - Jesus is op die eerste dag van die week uit die dood opgewek; en
  - van toe af is Sondag, die eerste dag, afgesonder om ons verlossing te vier.
- In die voetspore van Jesus gaan ons op Sondae –
  - eredienste en kategeese bywoon.
  - siekes wat ons ken, besoek en dankoffers gee om mense met probleme te help.
  - rus deur te ontspan op watter manier ook al.

## **IETS OM TE DOEN**

- Skuif die gesinslede rond sodat geen kind by sy ouers is nie.
- Skuif die ouers ook sodat hulle nie bymekaar is nie.
- Elke lid in die “hersaamgestelde” gesin kry geleentheid om te gesels oor dinge wat hulle graag as gesin in hul huis op 'n Sondag doen.
- Elke groep ontvang 'n blanko A4-bladsy waarop elke groeplid se idees neergeskryf word.
- Laat hulle as groep konsensus kry en die aktiwiteite in volgorde van belangrikheid nommer.
- Sodra almal klaar is, ontvang elke groep 'n afskrif van die tabel op bladsy 90.
- Die groep moet nou hul aktiwiteite volgens die volgorde van belangrikheid invul. Let daarop dat nommer 1 reeds ingevul is en nie verwyder kan of mag word nie.
- Neem die vorms in en maak bekend wat van nommer 2 af op elke vorm staan.
- Toets dit aan die drie beginsels wat ons op die voetspoor van Jesus behoort te doen en gesels daaroor.
  - Eredienste en kategeese bywoon.
  - Siekes besoek wat ons ken en dankoffers gee om mense met probleme te help.
  - Rus deur te ontspan op watter manier ook al.
- Laat die regte gesinne weer by mekaar sit en gee vir elke gesin die ander blanko tabel.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

- Laat hulle as gesin in die lig van die les wat aangebied was, 'n onderneming met mekaar aangaan oor wat hulle as gesin voortaan op Sondae gaan doen.
- Laat hulle dit op die tabel invul en dit op 'n prominente plek in die huis neersit om hulle voortdurend aan hul onderneming te herinner.
- Herinner hulle om aan te hou gesiggies teken by Les 11 vir elke opoffering wat hulle gemaak het.

## Leer

Laat hulle Markus 2: 27 gaan memoriseer: *Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie.”*

## AFSLUITING

Sluit af met gebed. Dank God vir 'n spesiale rusdag.

**Belangrik:** Stel uit IETS BELANGRIK in Lesse 18-21 'n vraelys op vir Les 23 se hersiening.

## TABEL

	<b>Aktiwiteit</b>
1	Aanbid die Here saam met ander gelowiges in die erediens en kategeese.
2	
3	
4	
5	